PC16/2/1/3/21

# AN APPEAL TO THE PEOPLE OF SOUTH AFRICA

## by Dr. (Mrs.) A. W. HOERNLE

I come before you representing no political party. I have never belonged to a political party. I come before you as a South African woman and mother, whose family has long been established in this land.

I am an old woman born and bred in South Africa. South Africa has been the home of my family for well over a hundred years, and members of the family are scattered over the length and breadth of our homeland, South Africa. I claim that we are of the people, we are part of the volk, we have helped to bear the heat and burden of the day for over a century. And my family is only one of thousands of similar families in South Africa.

The men who are introducing this Senate Bill think that they can play about with our institutions and manipulate them to the will of their party. There is no reverence in them for our constitution.

They do not know, or have forgotten, that democratic institutions rest on foundations of mutual trust and understanding. They rest on the assurance that the minority will never be called upon by the majority to betray its innermost convictions and fundamental beliefs. Far less then should a minority government, which ours is, call upon the majority of citizens for such sacrifices.

When trust is gone what chance is there for unity among our people? Free institutions which collectively we sum up as democracy, in the political sense of the word, are workable only subject to assumptions, tacit or written, concerning the kind of community in which men are willing to live. There must be a substantial degree of likemindedness, of common outlook and convictions, of agreement, or at least acquiescence on fundamentals, a common mind, perhaps worked out after long argument and struggle, if democracy is to function as a going concern. When this agreement breaks down there is lacking the necessary basis for any State, let alone a democratic one to work peacefully and harmoniously.

We are told that our parliament must be sovereign, as the parliament of Great Britain is sovereign. It is forgotten that Great Britain has an unwritten constitution. That the British people, over a period of hundreds of years, have fought for and obtained their charter of rights, the liberties with which no parliament in Great Britain would ever think of tampering. It is only on the basis of such a degree of agreement that any democratic system can work. It never gives unlimited power to a political party.

Parliament is old and well tried in Great Britain. Our Union parliament is only 45 years old this year. There had been no time in which to work out a system of common beliefs and traditions, indeed war between different sections of our people lay not far behind, when our Union was founded in 1910, and so it was that certain deeply felt convictions were entrenched in a *written* constitution. It was solemnly agreed that the parliamentary rights of the non-European peoples in the Cape Colony and the equal rights of the English language would never be tampered with unless there was the overwhelming evidence of a two-thirds majority of votes in favour of such a change in both houses of parliament sitting together in solemn debate. We were told on Sunday by one of the leading Afrikaans newspapers, one largely owned by the Prime Minister, that all that was intended by the Senate Bill was "a harmless alteration to a harmless body" (the Senate) "in order to achieve a limited objective"—the removal of the Coloured voter from the common voters roll in the Cape Province!

What a confession! What a juggling with one of the fundamental units of our parliamentary system, in order to overcome the promised guarantee that the Coloured vote would not be tampered with unless there was an overwhelming demand for such a change in the country. How can votes cast by members appointed by the government

in power for the specific purpose of obtaining a two-third majority provide any evidence of such overwhelming demand?

Very great numbers of South Africans have had too many shocks in the last few years to believe that with this Senate Bill a harmless change to a harmless house for a limited purpose is intended! The High Court of Parliament Act, the Appellate Court Act, and now this Senate Bill have shaken the confidence not only of the English-speaking South Africans, but of Afrikaans-speaking South Africans too.

We have believed that we were living in a country in which democratic rights were secured at least to the white people of the country and to some of the non-Europeans in the Cape Province. Many of us still hope that the basis of our franchise will be broadened until we really can claim the title of a democracy, honouring the highest moral ideals of western civilisation.

Those ideals lead us to dream of a world in which men of different races and traditions can, nonetheless, live in peace and co-operation with each other, side by side in the same political structure, each with pride in its own distinctive individuality, each with respect for the individuality of the others. Only so, we are convinced, can we save western civilisation in our land.

Certainly it is unthinkable that responsible South Africans who realise what guarantees are, what promises are, should barter one of the entrenched clauses of the constitution for the withdrawal of this pernicious Bill. It must be made quite clear that there is no question of a compromise.

In the original constitution the Coloured people and the Africans in the Cape Colony had the same voting rights as the European. Today these rights have been diminished.

White persons have a vote when they become 21 years of age. The Coloured man has to satisfy certain conditions of property owning or wages earned and a certain degree of education in order to obtain the vote. Surely if there is to be a drastic change in the voting powers of the Cape Coloured the least we can demand is that there should be an overwhelming expression of this demand from the electorate and not from a trumped-up majority, due to legislation making a farce of the vote of the members of the Senate.

This legislation makes the Senate not a harmless body but a laughable body, which nonetheless is pregnant with harm and fills one with ominous foreboding.

How can an old woman like myself find any comfort in the last days of life, how can any mothers think happily of the future of their children when everything points to one section of the Afrikaans population arrogating to itself overwhelming power to mould South Africa to its particular liking, irrespective of the ideals and wishes of the other sections of the Afrikaans and English-speaking peoples not to speak of the millions of non-Europeans.

It is perfectly legitimate for different groups to emphasize their distinctive individuality, to believe in their historic mission and value their own language and culture. It is perfectly legitimate that each group should honour its traditions with its memorable incidents and glorious deeds, its leaders and heroes, even its inevitable hatreds and antagonisms, its memories of wars and wrongs. It is *not* legitimate for one group to seek to entrench itself within a legal system which would deprive other groups of like respect and recognition.

We are not willing at this stage in our history to submit ourselves to a *baasskap*, a dominance which wishes to order the structure of our country solely in the interests of one group, and in a way that will lead to disaster for us all.

I should like to close by quoting Dr. Stals, a Nationalist Minister who in 1931 said: "There is no stronger bond for any nation than carrying out its moral obligation."

May justice prevail over empty legalism! For "the Sovereignty of Justice is greater than the Sovereignty of law."

hs

# BEROEP OP DIE VOLK VAN SUID-AFRIKA

## deur Dr. (Mev.) A. W. HOERNLE

Ek verskyn hier voor u, nie as die verteenwoordiger van enige politieke party nie. Ek het nog nooit aan 'n politieke party behoort nie. Ek verskyn hier voor u as 'n Afrikaner vrou en moeder, wie se familie baie lankal in die land gevestig is.

Ek is 'n ou moeder hier in Suid-Afrika gebore en opgevoed. Suid-Afrika is al die tuiste van my familie vir baie meer as 'n honderd jaar en lede van die familie is versprei oor die lengte en breedte van hierdie land. Ek maak aanspraak daarop 'at ons 'n deel van die volk is. Ons het gehelp om die laste van die volk vir meer s 'n eeu te dra. En my familie is net een van die duisende van soortgelyke gesinne in die land.

Die persone wat besig is om hierdie Senaatwetsontwerp voor te stel dink dat hulle kan rondspeel met ons instellings om dit by die wil van die party aan te pas. Hulle bewys geen eerbied aan ons konstitusie nie.

Hulle weet nie, of hulle het vergeet, dat demokratiese instellings rus op 'n fondament van wedekerige vertroue en verstandhouding. Sulke instellings reken op die versekering dat die meerderheid nooit beroep op die minderheid sal doen nie om hulle innigste oortuigings en grondbeginsels te verraai.

Hoeveel minder dan behoort 'n minderheidsregering, soos ons s'n is, beroepe te doen op die meerderheid van die burgers om sulke opofferings te maak? As vertroue verdwyn het watter geleentheid is daar vir eenheid onder ons volk?

Vrye instellings kollektief saamgevat as volksregering in die politieke sin van die woord kan alleen in werking gebring word as daar aangeneem word, skriftelik of andersins, watter soort gemeenskap mense gewillig is om in te lewe. Daar moet 'n groot mate van eensgesindheid wees, van soortgelyke beskouings en oortuigings, van ooreenkoms of ten minste toestemming omtrent grondbeginsels, een gees, uitgewerk miskien na lang redenering en stryd, as volksregering gaan diens doen as 'n lopende saak. Wanneer hierdie ooreenkoms tot niet gemaak word, ontbreek daar die nodige grondslag vir enige staat, nie nog te praat van een wat demokraties is nie, om in vrede saam te werk.

Ons word gesê dat ons parlement oppermagtig moet wees, net soos die parlement van Groot Brittanje oppermagtig is. Dit word vergeet dat Groot Brittanje 'n konstitusie het wat 'n gewoontereg is, dat die Britse volk oor 'n tydperk van honderde jare ,eveg het en hulle Oktrooi van Regte verkry het. Dié vryhede wat geen parlement ın Groot Brittanje ooit sal aanraak nie. Dit is net op die grondslag van so 'n mate van ooreenkoms dat enige demokratiese stelsel kan werk. Dit gee nooit onbeperkte mag aan 'n politieke party nie.

Die parlement in Groot Brittanje is oud en beproef. Ons Unie parlement is maar vanjaar 45 jaar oud. Daar was geen tyd om 'n stelsel van gemeenskaplike menings en tradisies op te trek nie. Inderdaad oorlog tussen twee verskillende seksies van die mense het nie ver agter gelê nie toe ons Unie in 1910 gestig is, en so het dit gekom dat sekere diepe oortuigings verskans was in 'n *geskrewe* konstitusie. Dit was plegtig ooreengestem dat die parlementêre regte van die nie-blanke bevolking in die Kaapse Kolonie en die gelyke regte van die Engelse taal nooit aangeraak sal word nie, behalwe dat daar oorweldige bewys deur 'n tweederdes meerderheid van stemme ten gunste van so 'n verandering gegee sal word, gedurend ernstige debat by die sitting van albei die huise.

Een van ons vooraanstaande Afrikaanse koerante, een wat hoofsaaklik die eiendom van die Eerste Minister is, het Sondag verklaar dat al wat bedoel was deur die Senaatwetsontwerp was 'n onskadelike verandering aan 'n onskadelike liggaam (die Senaat) om 'n bepaalde doel te bereik—die verwydering van die Kleurlingkieser van die ge-

samentlike kieserslys in die Kaap Provinsie. Wat 'n belydenis!!! Wat 'n gepeuter met een van die fondamentele eenhede van ons parlementêre stelsel, net om die beloofde waarborg uit die weg te ruim dat die kleurlingstem nie aangeraak sal word nie behalwe daar 'n oorweldige aanvraag dwarsdeur die land kom vir so 'n verandering.

Hoe kan stemme van lede, aangestel deur die regering aan bewind met die spesifieke doel om 'n meerderheid van tweederdes te kry, enige bewys toon van so 'n oorweldige aanvraag?

Groot getalle Suid-Afrikaners het gedurende die laaste paar jaar soveel skokke opgedoen dat hulle nie kan glo dat met hierdie Senaatwetsontwerp 'n onskadelike verandering aan 'n onskadelike raad vir 'n bepaalde doel bedoel word nie. Die Wet op die Hoë Hof van die Parlement, die Appelhof-wet, en nou hierdie Senaatwetsontwerp het die vertroue nie alleen van die Engelssprekende Suid-Afrikaners maar ook van die Afrikaanssprekendes geskud. Ons het geglo dat ons in 'n land woon waar demokratiese regte verseker was aan ten minste die wit bevolking van die land en aan sommige van die nie-blankes in die Kaap Provinsie. Baie van ons hoop nog dat die grondslag van ons stemreg sal uitgebrei word totdat daar werklik aanspraak gemaak kan word op die naam van 'n volle demokrasie wat eer gee aan die hoogste morele ideale van die westelike beskawing. Hierdie ideale laat ons droom van 'n wêreld waar mense van verskillende rasse en tradisies kan, nieteenstaande, saamwoon in vrede en samewerking met mekaar, langs mekaar met dieselfde politieke stelsel, elkeen met trots op sy eie afsonderlike persoonlikheid, elkeen met respek vir die persoonlikheid van sy medemens. Ons is oortuig daarvan dat alleen op hierdie wyse kan ons die Westelike beskawing in ons land beveilig. Dit skyn onmoontlik te wees dat verantwoordelike Suid-Afrikaners wat die betekenis van waarborge, wat beloftes is, besef, een van die verskanste klousules van die konstitusie sou verruil vir die herroeping van hierdie verderflike wetsontwerp.

Dit moet heeltemal duidelik gemaak word dat daar geen kompromis kan wees nie. In die oorspronklike konstitusie het die Kleurlinge en die Naturelle van die Kaap Provinsie dieselfde stemreg as die blanke gekry. Vandag is hierdie regte verminder. Blanke persone kry die stemreg by mondigwording. Die kleurling moet aan sekere voorwaardes voldoen b.v. besit van vaste eiendom, 'n sekere loon verdien, en 'n sekere mate van opvoeding hê, om stemgeregtig te word.

As 'n drastiese verandering voorwaar gemaak moet word aan die stemkrag van die kleurling dan is die minste wat ons kan eis 'n oorweldige bewys van hierdie eis van die kant van die kiesers, nie van 'n meerderheid wat uit die duim gesuig is nie, as 'n gevolg van wetgewing wat 'n klugspel maak van die stemme van die Senaatslede.

Hierdie wetgewing maak die Senaat nie 'n onskuldige liggaam nie, maar 'n belaglike liggaam, wat wel vol skade is en vir 'n mens 'n onheilspellende voorgevoel gee.

Hoe kan 'n ou dame soos ek enige troos vind in die laaste dae van my lewe, hoe kan enige moeder met geluk aan die toekoms van haar kinders dink terwyl alles aandui dat een seksie van die Afrikanervolk oorweldige mag vir homself toeëien om Suid-Afrika te vorm na sy eie besondere smaak, nieteenstaande die ideale en wense van die ander seksie van die Afrikaans- en Engelssprekende lede van die volk, om nie die miljoene nie-blankes eers te noem nie?

Dit is heeltemal regverdig vir verskillende groepe om nadruk te lê op hulle kenmerkende persoonlikheid, om te glo in die historiese opdrag en waarde van hulle eie taal en kultuur. Dit is heeltemal regverdig dat elke groep eer moet gee aan sy tradisies met hulle merkbare gebeurtenisse en heerlike heldedade, aan sy leiers en helde, selfs sy onvermydelike haat en vyandskappe, aan sy oorlogsherinneringe en onregte. Dit is nie wettig vir een groep om homself te verskans nie in 'n wetstelsel wat van ander groepe erkenning en respek sal afneem.

Ons is nie gereed op hierdie tydstip in ons geskiedenis om ons te onderwerp aan 'n baasskap, 'n oorheersing wie se wens dit is om die stelsels van ons land te reël alleenlik volgens die belange van een groep, en op 'n wyse wat sal lei tot ondergang vir almal. Ek sal graag wil afsluit met die woorde van dr. Stals, 'n Nasionaliste Minister, waar hy in 1931 gesê het: „Daar is geen stewiger band vir enige nasie nie as om sy morele verpligting uit te voer nie."

Mag regverdigheid heers oor leë wettigheid! „Die Soewereiniteit van justisie is groter dan die soewereiniteit van die wet."